# Veranderinge in gemeenskappe in die Limpopo-vallei tussen 900 n.C. en 1300 n.C.

## Nedersettings in die Limpopo-vallei voor Mapungubwe: K2 en Schroda

Die 1ste millennium is van die jaar 1 tot die jaar 1000 n.C.

In die 1ste **millennium** het Afrika-boere hulle dorpies in dele van Suider-Afrika gevestig. Elke dorp het 'n paar honderd mense gehad en was nie **afhanklik** van ander dorpe nie. Hulle kan feitlik alles produseer wat hulle nodig gehad het en was bestaansboere.

- Boere het beeste, skape en bokke aangehou.
- Hulle het gewasse soos spanspek, sorghum, manna en pampoen geplant.

In die dorpe was party mense belangriker as ander.

- Ouer mense was belangriker as jonger mense.
- **Maatskaplike hiërargie** was op ouderdom en **geslag** gebaseer.
- Mans het meer mag as vroue gehad.

Hierdie tydperk word soms die Laat Ystertydperk genoem. Vroeë Afrika-boere het yster vir gereedskap, wapens en ornamente gemaak.

## Nedersettings het meer kompleks geword

Tussen 900 v.C. en 1300 n.C. het boeregemeenskappe meer **kompleks** geword. Dit beteken hulle het groter en meer georganiseerd geword.

 ©My A Plus (2024)